Pro forma vir Landboukundige van die Jaar

Die volgende pro forma MOET gebruik word sodat dit die beoordelaars in staat kan stel om die kandidate sinvol met mekaar te vergelyk.

In wese gaan dit oor die kandidaat se wese, beginsels, waardestelsels en lewensetiek. Ook wat die kandidaat al vermag het, watter waarde sy/haar werk vir die landbou het en die aansien wat die kandidaat plaaslik en internasionaal geniet.

1. Die kandidaat (10 punte)

Skets ’n volledige prentjie van die genomineerde en sy/haar werksomgewing gedurende sy/haar loopbaan. Lê klem op kwalifikasies en die terrein waarop hy/sy ’n kenner is.

2. Waarde vir die boer en die landbou (50 punte)

Beskryf op watter wyse hy/sy sy/haar kennis met die boere deel. Hoe vind hierdie kennis in die praktyk neerslag. Hoe waardevol is hierdie kennis vir die boere en hoe stel dit hulle in staat om beter en meer volhoubaar te boer? Watter uitwerking het sy/haar navorsing (as wetenskaplike), voorligting (as landbouvoorligter) of diens (as bestuurder/administrateur) op die landbou? Met ander woorde, wat is die kandidaat se impakfaktor? Op welke wyse voeg dit waarde toe tot die landbou, bedryf of organisasie waarby hy/sy betrokke is?

3. Aanpassing by veranderings (20 punte)

Beskryf hoe die kandidaat daarin slaag om tred met die veranderende landbou-omgewing te hou en sy/haar navorsing/voorligting/diens daarby aanpas. Hoe relevant is die kandidaat in die uitdagings van die dag?

4. Erkenning (20 punte)

Beskryf die prestasies wat die kandidaat reeds behaal het, asook die erkenning wat hy/sy op plaaslike en/of internasionale vlak geniet. Wat is sy/haar internasionale aansien.